

Die tempellose stad is nog oppad

Teks: Openbaring 21: 22 - hoofstuk 22: 5
Teksvers: Openbaring 21:22

1. Inleiding

Hier waar ons vanoggend onbeperk saam is, wonder ons oor erediens bywoning. Miskien wonder ons oor die lidmaat langs ons, of dalk juis oor die lê sitplek langs my vanoggend. Maar wanneer jy vandag met mense oor kerk en spesifiek erediens bywoning praat kry 'n mens interessante antwoorde. Dit wissel van my ouers het my te veel gedwing as kind om eredienste by te woon, tot die bekende grappie oor die man wat eerder by die viswater sit en aan die kerk dink as andersom.

Maar op 'n ernstige noot val mense dikwels terug na die verduideliking dat God tog alomteenwoordig is. Daarom is Hy mos natuurlik nie beperk tot die kerkgebou en die samekoms van gelowiges op 'n Sondag nie. Dit is meeste mense wat steeds hulleself as Christene beskou se verweer vir hulle eie afwesigheid in eredienste. En natuurlik is dit waar dat die fisiese tempel en op 'n manier die kerkgebou 'n al kleiner rol speel soos wat die Nuwe Testament vorder.

Met dit in gedagte is die woorde in ons teksvers miskien nie so vreemd in moderne Christenskap nie. Vers 22 beklemtoon juis die afwesigheid van 'n tempel, omdat die Here self die tempel is. Maar leef ons dan al vandag in hierdie tempellose stad of dorp wat in Openbaring 21 beskryf word? Ons ondersoek hierdie vraag deur die rol van die tempel regdeur die skrif te ondersoek vanoggend. Want ons wil ten einde laaste vasstel waar ons staan op hierdie ontwikkelende pad van die tempel begrip in die Christelike geloof. Ten einde laaste wil ons graag ook die verband tussen tempelbeskouing en erediensbywoning ondersoek. Veral waar ons nou weer die voorreg om al die lidmate op ons boeke

plus nog ongeveer 50 te verwelkom in die fisiese erediens hier op 'n Sondagoggend.

2. Die rol van die tempel.

In Ou Testament is die een van die eerste begrippe van tempel wat ons tee kom, die verbondsark. Die verbondsark is juis in opdrag aan Moses gebou. En ons weet dat die ark die teenwoordigheid van die Here onder die volk gesimboliseer het. Dit is immers presies ook wat tempels beteken het in die ou tyd en in baie gelowe vandag ook. Dit is die gelokaliseerde teenwoordigheid van "die gode" op aarde.

Maar met die Here die almagtige hemelse Vader is dit anders. Want soos ons reeds gesê het is die Here alomteenwoordig. Hy kan nie vasgevang word in tempels en geboue wat met hande gemaak is nie, soos handeling 7:48 duidelik aan ons openbaar. Maar tog is daar 'n probleem met die Here se teenwoordigheid op aarde. Die Here is Heilig, Sy heiligheid is 'n vuur wat die aarde sal verteer, soos ons sien in Eksodus 24:17, op die berg Sinai.

En dit bring ons dan by 'n afgeskorte gedeelte in die tempel. 'n Gedeelte waar die Heilige Here teenwoordig is. Ons sien in Levitikus 16 dat daar streng voorbereidings vereistes was voor priesters in hierdie allerheiligste gedeelte van die tempel kon ingaan. Ons weet ook dat wanneer mense nie hierdie bepalings gevolg het nie, dan het hulle gesterf. Die heiligheid van die Here het hulle onheiligheid dan soos 'n vuur verteer.

Daarom in Christen geloof kan die tempel, veral in die Ou Testament nie gesien word as 'n aardse adres om aan God 'n woonplek te gee nie. Die is eerder die Here se genade waarin Hy Sy heilige teenwoordigheid beperk, sodat die nie

eenvoudig 'n vervloekte aarde met al die sondaars daarop verteer nie.

Maar hierdie heilige afgesonderheid van die Here het nie maar eindeloos voorgeduur nie. Daarom eindig die Ou Testament en die Ou Testamentiese tempel iewers.

3. Toegang deur die kruis

Ons Here Jesus Christus, die Lam kom word mens op aarde. Hy kom leef 'n sondelose lewe, en word uiteindelik onskuldig ter dood veroordeel. Met Sy sterwe aan die kruis betaal Hy die offer vir ons sondes. En dit is die begin van die Nuwe Testament, en ook die nuwe testamentiese tempel. Want wanneer Christus sterf aan die kruis gebeur iets besonders ook in die tempel.

In Mattues 27:52 lees ons dat “ die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur” het op die oomblik wat Jesus Sy laaste asem uitgeblaas het. Dit beteken letterlik dat die heiligheid teenwoordigheid van die Here nou opgeskeur is. Gewone mense het nou toegang tot die heiligheid van die Here. En die rede waarom die heiligheid van die Here nie die mense verteer soos 'n vuur nie, is omdat hulle skoongewas is in die bloed van die Here.

Mense waarin die Heilige Gees die verlossing in die sterwe in opstanding van Christus werk, word geheilig in Christus. En daarom kan gewone mense nou in die heilige teenwoordigheid van die Here wees. Die nuwe testamentiese tempel word dus gekenmerk deur die geskeurde voorhangsel. Die tempel is steeds teenwoordig, maar dit is 'n baie meer oop tempel.

Die verbintenis met die Lam is dus duidelik. Hy koop die gelowiges los met Sy bloed. Christus behaal die oorwinning oor die bose. Maar selfs na Sy opstanding het gelowiges steeds die behoefte om te onttrek van die wêreld en in 'n bo-kamer saam te verenig in gebed. Dit is juis waar

ons die apostels aantref wanneer Jesus aan hulle verskyn en ook wanneer die Heilige Gees uitgestort word op hulle.

Dus alhoewel die tempel heeltemal anders lyk in die Nuwe Testament, bestaan dit steeds. Dit bestaan in die behoefte wat die Heilige Gees in gelowiges werk om hulleself periodiek van die wêreld te onttrek en net op God alleen te fokus. Want die vervloeking rus steeds op 'n gebroke wêreld daar buite.

4. 'n Volmaakte toekoms verwagting

Maar dan kom ons uiteindelik by die belangrike woorde van Christus self sê in Johannes 2:19. ““Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.” En dit is presies waar dinge eindig in ons teksgedeelte. Openbaring 21 is natuurlik die tweede laaste hoofstuk in die Bybel, en kyk natuurlik chronologies vorentoe.

Op 'n dag sal die fisiese tempel heeltemal verdwyn. En dit is presies wat Johannes beleef in sy visoen oor die nuwe Jerusalem. Hy sien nie 'n tempel in die stad nie. Maar uiteindelik is dit net moontlik as gevolg van dit wat ons lees in 22:3 : “Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie.” Dus kan die heilige teenwoordigheid van die Here die hele stad vol teenwoordig wees, sonder dat die heiligheid dit sal verteer.

Die heiligheid is immers so duidelik dat daar glad nie meer nag sal wees nie volgens vers 5. Dit is 'n wonderlike voortuitsig vir elke gelowige. Ons kan nie wag in die nuwe Jerusalem, waar ons permanent in die teenwoordigheid van die Here sal leef.

Maar wanneer ons so rondom ons rondkyk, is dit duidelik dat ons nog nie in die nuwe Jerusalem woon nie. Die gebrokenheid van die wêreld is seker in min opsigte so duidelik soos 'n wêreldwye pandemie. Tog is daar in die gebrokenheid

hoop. Ons gaan eendag leef in die tempellose stad.

Maar ook in hierdie opsig is, is dit uiters belangrik om vers 27 van teksgedeelte te lees. Nie eenvoudig alle mense sal die nuwe Jerusalem beleef nie, maar net die mense wat se naam in die boek van die lewe staan. En ons kan natuurlik die afleiding maak dat mense wat se naam in die boek van die lewe staan, ook 'n aangetrokkenheid tot die plaaslike kerk en eredienste sal ervaar. 'n Aangetrokkenheid deur wat gewek word deur die Heilige Gees.

5. Slot

Ten slotte kan ons afsluit deur terug te kom na die idee van 'n tempellose stad. En partykeer is ons so bekommerd oor die toestand van plaaslike kerk. Dat ons dink dat dit ons eersdags 'n tempellose dorp gaan beleef. Maar die genade van die Here is groter as dit. Hy sal altyd Sy kerk vergader en bewaar. Daarom sal daar altyd 'n groep mense wees wat die aangetrokkenheid tot die erediens sal ervaar.

En dus is dit baie duidelik om agter die alomteenwoordigheid van die Here te skuil, om erediens bywoning te ontduik, uiteindelik heeltemal teenstrydig. Want terwyl ons in 'n gebroke wêreld aan hierdie kant van die wederkoms leef, behoort die kerk en erediens bywoning daardie die aangename beskutting teen die wêreld te wees. Dit moet daardie plek wees waar ons die opregte liefde van die Here kan ontvang, en weer kan uitdeel aan mekaar.

Uiteindelik is dit die rede waarom die kerk nog 'n opdrag het vandag. Ons moet hard werk om juis te verseker dat die kerk daardie plek van heiligheid is en bly. Want alhoewel die Here natuurlik alomteenwoordig is, poog die boosheid in die wêreld om ons te laat vergeet van die heiligheid van die Here. Daarom is dit uiteindelik so belangrik dat ons gereeld

die erediens bywoon. En dat ons ook as kerk van die Here, hard werk om ook alle ongeregtigheid uit die wêreld te verwyder. Want uiteindelik is ons nog nie in die tempellose stad, die nuwe Jerusalem. Maar uiteindelik sal ons ook saam met die Here in Sy heiligeteenwoordigheid, vir ewig lewe.

Amen